please pray

November 2010

-Mat 24:14 –
En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

Zanè

Soos baie van julle reeds verneem het, was daar vêrdere verwikkelinge rakende Zanè. Na die operasie het die ontleding van die gewas getoon dat dit wel kwaadaardig was (Infantile Fibrosarcoma). Hoewel daar nie nou met sekerheid gesê kan word of die hele gewas suksesvol verwyder is aldus nie, sal daar voorkomend met chemoterapie voortgegaan moet word. Dit sal weekliks oor 'n tydperk van 22 weke geskied. Die behandeling behoort volgende week te begin.

***Bid** asb saam met ons vir **volledige herstel en genesing** vir Zanè. Bid ook asb dat die chemo nie ernstige **newe effekte** sal hê nie.*

Baie dankie vir almal se gebede en belangstelling !

"Want die Naam van die Here roep ek uit: Gee grootheid aan onse God! Die Rots- Volkome is Sy werk." *Deut 32:3-4*

Konferensie

Die grootste deel van ons tyd en aandag word huidiglik aan die beplanning en reëlings vir die konferensie gewy. Meeste van die fasiliteerders vir die werkswinkels is nou ook bevestig. 'n Hele paar gemeentes het hulself amptelik tot die konferensie verbind en ons verwag dat nog 'n hele klomp gemeentes oor die volgende paar maande dieselfde sal doen.

Ons het ook 'n baie waardevolle vergadering met NG Gemeente Moreleta gehad. Hulle het ons met goeie raad asook praktiese voorstelle bedien. Van die werkswinkls sal ook deur hul personeel gefasiliteer word.

*Bid asb dat die **gemeentes positief** sal wees oor die konferensie en **betrokke** sal raak. Bid ook dat ons dit **effektief** sal kan **bemark** en die **reëlings geseënd** sal wees.*

Power Town Uitreik

Die uitreik was baie geseënd en talle mense (ouers en kinders) het ‘n oorgawe vir die Here gemaak.

*Bid asb saam met ons vir **effetiewe opvolg** sodat die saad wat gesaai is verder benat kan word, en **vrug sal dra.***

Wegbreek

Die Here het ons met ‘n wonderlike wegbreek na die Drakensberge geseën. Ons het ‘n fantastiese week van natuur, reën en son beleef wat ‘n mens ‘n geleentheid gegee het om bietjie te ontlaai en moed te skep vir dit wat voorlê. Baie dankie weereens aan diegene wat dit vir ons moontlik gemaak het.

Nou spoed die laaste deel van die jaar vinnig voort en ons vertrou dat almal te midde van die gejaag, elke dag die Heilige Gees se stem duidelik sal hoor.

Baie seën, liefde en groete
Beyers, Christelle, Diaan, Hanrè & Zanè

“Die Koninkryk van God is waar Jesus Koning en Here is”

your mission our passion